PDF Eraser Free

G.P.-S 3-00032

# DIREKTORAAT VAN VEILIGHEIDSWETGEWING
# DIRECTORATE OF SECURITY LEGISLATION

LÊER NR.
FILE NO. 2/4/2/1

LÊER NR.
FILE NO. 2/4/2/1

HOOF...
MAIN SE... ...MUNIST PARTY OF S.A.

ONDERWERP
SUBJECT

LÊER
FILE Prod R38 d.d. 4-2-66 (S.A. Communist Part

LÊER GEOPEN OP
FILE OPENED ON ...

LÊER GESLUIT OP
FILE CLOSED ON 4/11/87

BESKIK... ...SKRIFTE
DISP... ...IONS

...OF GEVAL
...OR CASE

...ER NR.
...ILE NO. 2/4/2/1

DEEL
PART 1

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free

S.A.P. 148 (d).

No. G.6/11/1

SUID-AFRIKAANSE POLISIE. SOUTH AFRICAN POLICE.

Privaatsak / Private Bag } 302.
Telefoon / Telephone } 2-9280-9.
Telegramadres / Telegraphic Address } "KOMPOL 302".

HOOFKANTOOR,
HEAD OFFICE,
PRETORIA.

27-11-1967
PRETORIA
DEPARTMENT OF JUSTICE

G E H E I M.

24 November 1967.

Die Sekretaris van Justisie,
Pretoria.

BEDRYWIGHEDE VAN DIE A.N.C., P.A.C. EN KOMMUNISTE IN ENGELAND.

'n Memorandum oor die bedrywighede van bogenoemde organisasies in Engeland en die kanalisering van finansiële hulp deur hulle vir ondermynende bedrywighede in die R.S.A., word hiermee vir u persoonlike inligting deurgestuur.

......................Majoor.
n/KOMMISSARIS : S.A. POLISIE.

/AB

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free

Sekretaris.

GEHEIM

# DIE BEDRYWIGHEDE VAN DIE A.N.C., P.A.C. EN S.A. KOMMUNISTE IN ENGELAND EN DIE KANALISERING VAN FINANSIëLE HULP DEUR HULLE VIR ONDERMYNENDE BEDRYWIGHEDE IN DIE R.S.A.

1. Wat ookal die sienswyse van bogenoemde organisasies en hul lede in Engeland ten opsigte van internasionale aangeleenthede mag wees, blyk hulle een ding in gemeen te hê, naamlik, dat die huidige regeringstelsel van die R.S.A. verander moet word. Om in die doel te slaag, word daar op politieke- en ekonomiese gebied verskillende metodes van optrede teen die R.S.A. verkondig. Die terreine wat betree word om druk op die R.S.A. uit te oefen ken geen perke nie.

## BEDRYWIGHEDE VAN S.A. KOMMUNISTE IN ENGELAND

2. S.A. Kommuniste in Engeland sit hul kommunistiese bedrywighede voort deur middel van die S.A. Kommunistiese Party wat kantore in Londen het, die Kommunistiese Party van Brittanje, kommunistiese frontorganisasies en ander organisasies wat die R.S.A. nie goedgesind is nie. Enkele voorbeelde van sodanige bedrywighede is die volgende:-

(a) VELLA PILLAY is ŉ lid van die Internasionale Komitee van die Kommunistiese Party van Brittanje en beklee ŉ senior pos in die Kommunistiese Bank van Sjina in Londen.

(b) ROSALIND AINSLIE was die Londense verteenwoordiger van die Kommunistiese blad, AFRICA REVOLUTION. Die tydskrif is in die ban gedoen omdat dit Sjinese kommunistiese indoktrinasie gepropageer het, nie deur die sogenaamde "Fascistiese" regering van Suid-Afrika nie, maar wel deur die vriendelike regering van Switzerland.

2/

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free



(c) HILDA BERNSTEIN het gedurende 1961 vanuit Londen besoek afgelê in Peking, as gas van die Sjinese Vredeskomitee (China Peace Committee). Gedurende dieselfde jaar het sy Moskou besoek as gas van die Sowjet Vredeskomitee (Soviet Peace Committee).

(d) RICA HODGSON het gedurende 1964 vanuit Londen besoek afgelê in Rusland en haar as volg oor Radio Moskou uitgelaat: "The Soviet Union was always a source of inspiration to the people who were fighting for their freedom in South Africa".

(e) (i) Gedurende 1966 het RUTH FIRST Kenia vanuit Engeland besoek en OGINGA ODINGA ('n Bekende kommunis - onlangs het hy 'n beroep op die Sowjet Unie gedoen om 'n rewolusie, soortgelyk aan die wat gedurende 1917 in Rusland van stapel gestuur is, in Afrika van stapel te stuur), gehelp met die skrywe van 'n boek oor sy lewe en politieke beroep, getiteld NOT YET UHURU. Die feit dat FIRST vir ODINGA bygestaan het, word bevestig deur die volgende aanhaling uit 'n artikel deur JOHN PLATTER wat in die WEEKLY NEWS van 23 Junie 1966 verskyn het:

"(though Ruth First, the South African liberal, helped him to write it and he admits this)".

Haar optrede het meegebring dat sy op 30 Mei 1966 uit Kenia gedeporteer is.

(ii) In Junie 1966 het die BBC se beeldradiodiens 'n program, NINETY DAYS, gebaseer op RUTH FIRST se boek 117 DAYS, aangebied. RUTH FIRST se rol in haar boek is deur haarself vertolk.

3/......

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free



Die BBC se reklame vir die program het geen melding gemaak van onderwerp se kommunistiese affiliasies nie. Die program in sy geheel, het op niks anders as die verspreiding van kommunistiese propaganda neergekom nie.

(f) SONIA BUNTING is die sekretaresse van die WORLD CAMPAIGN FOR THE RELEASE OF S.A. PRISONERS en ŉ komiteelid van INTERNATIONAL CONFERENCE ON ECONOMIC SANCTIONS AGAINST S.A. in Engeland.

(g) Die ANTI-APARTHEID MOVEMENT in Londen, ŉ organisasie wat hom dit ten doel stel om ŉ politieke verandering in ŉ ander soewereine onafhanklike land, duisende myle van Engeland geleë, te bewerkstellig, se geledere is deurspek met S.A. kommuniste. ŉ Groot deel van die beheer van die Beweging, asook sy aktiwiteite is in die hande van S.A. kommuniste. Die Sekretariaat van die Organisasie bestaan uit mense soos SONIA BUNTING, VELLA PILLAY, S. ABDUL en ROSALIND AINSLIE, terwyl JULIUS FIRST die ouditeur is. ROSALIND AINSLIE is die tesouriere en vyf van die agt lede van die Finansiële Komitee is bekende S.A. kommuniste, nl. VELLA PILLAY, PERCY COHEN, ROSALIND AINSLIE, JULIUS BAKER en JULIUS FIRST. S.A. kommuniste beklee ook ŉ baie sterk posisie in die Uitvoerende Komitee, wat in werklikheid die beleid van die Beweging bepaal.

Meeste van die hoofsprekers by byeenkomste van die A.A.M. in Engeland is S.A. kommuniste, bv. PERCY HODGSON, sy vrou RICA (wat toevallig ŉ belangrike pos in die administrasie van die DEFENCE AND AID FUND wat later volledig in hierdie stuk bespreek word, beklee), MICHAEL HARMEL, WOLF KODESH, Dr. YUSUF DADOO, JOE SLOVO, HILDA BERNSTEIN en F.J. KOZONGUIZI, ŉ self-erkende kommunis en voormalige president van S.W.A.N.U. Dit is opmerklik dat

4/......

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free



hierdie mense nooit tydens die vergaderings wat hulle toespreek, enige melding maak van hul kommunistiese affiliasies nie.

(h) Skakeling deur S.A. kommuniste in Engeland met die Kommunistiese Party van Brittanje, en Internasionale kommunistiese frontorganisasies soos die INTERNATIONAL UNION OF STUDENTS (I.U.S.), WORLD FEDERATION OF DEMOCRATIC YOUTH (W.F.D.Y.), INTERNATIONAL ASSOCIATION OF DEMOCRATIC LAWYERS (I.A.D.L.) en WOMEN'S INTERNATIONAL DEMOCRATIC FEDERATION (W.I.D.F.) is aan die orde van die dag. So vind ons byvoorbeeld:-

(i) Dat SAM KAHN 'n ingeskrewe lid van die Kommunistiese Party van Brittanje is.

(ii) Dat BRIAN BUNTING op 6 Mei 1966 'n byeenkoms van die Kommunistiese Party van Brittanje in die "Swiss Cottage Central Library", Londen toegespreek het.

(iii)

obliterate

(iv) Dat RONNIE KASRILS, 'n voormalige lid van die "High Command", wat bevel gevoer het oor UMKONTO WE SIZWE, die militêre vleuel van die kommunistiesbeheerde A.N.C., tydens die 7de jaarvergadering van die W.F.D.Y. wat vanaf 6 tot 16 Junie 1966 te Sofia in Bulgarye gehou is, die volgende voorstelle namens die A.A.M. gedoen het:-

(a) Samewerking tussen W.F.D.Y. en A.A.M. moet verhoog word;

5/......

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free



(b) W.F.D.Y. se komitees in verskillende lande moet met die A.A.M. komitees saamwerk;

(c) W.F.D.Y. moet A.A.M. bystaan met betrekking tot verspreiding van propagandastukke, pamflette, biljette ens. ;

(d) W.F.D.Y. moet A.A.M. bystaan in die loods van ŉ handelsboikotveldtog in Japan teen die R.S.A. ;

(e) W.F.D.Y. moet A.A.M. help met die veldtog WORLD CAMPAIGN FOR THE RELEASE OF S.A. POLITICAL PRISONERS, en dat idees en dokumente in dié verband uitgeruil moet word.

(v) Dat daar in WORLD STUDENTS NEWS (Vol. 20 NR. 1 en 2 van 1966) ŉ artikel deur JOSEPH WALZKÓW verskyn het wat daarop dui dat S.A. kommuniste in die geledere van die A.A.M. in Engeland, toesprake gelewer het op die I.U.S. se Uitvoerende Komitee vergadering wat vanaf 6 tot 14 Desember 1965 in Tsjeggo-Slowakye gehou is.

(vi) Dit is ŉ bekende feit dat die Arbeidersparty en sekere vakunies in Engeland kommunistiese en kommunistiese frontorganisasies amptelik verwerp; gevolglik is dit uiters moeilik, indien nie onmoontlik nie, om lidmaatskap van S.A. kommuniste by die betrokke organisasies te bewys. Dit kan tog immers nie van hulle verwag word om hulle eie nes te bevuil nie.

6/......

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free



3. Boeke wat deur S.A. kommuniste geskryf is, word in Engeland gedruk en uitgegee, en vandaar oor die wêreld versprei; Britse publikasies en tydskrifte wat artikels bevat deur S.A. kommuniste outeurs, word gereeld vanuit Engeland aan adresse in die R.S.A. gepos. Op hierdie wyse word 'n deurlopende kanalisasie van kommunistiese propaganda, gemik op die aanhitsing van die algemene bevolking tot rewolusie en die omverwerping van die R.S.A.-regering, in stand gehou. Suid-Afrikaanse Staatshoofde word beswadder en tot in die grond in verkleineer. Enkele voorbeelde van sodanige boeke, publikasies en tydskrifte is die volgende:-

(a) "117 DAYS" deur Ruth First. Uitgewer: Penguin Books Ltd., Middlesex, England 1965.

(b) "THE JAIL DIARY OF ALBIE SACHS". Uitgewer: Hervill Press, London 1966.

(c) "SANCTIONS AGAINST SOUTH AFRICA" onder redaksie van Ronald Segal. Uitgewer: Penguin Books, Middlesex, England 1964.

Die volgende stuk op bl. 27 is deur OLIVER TAMBO geskrywe:-

"Not satisfied that the interests of white domination have been fully secured and anxious to perfect the machinery of Exploitation of the African people for the benefit of white South Africa and her friends, Dr. Verwoerd has now thought up the Bantu laws Amendment Bill. It is suitably coloured washed with such sugared phrases, as 'peace officer', 'Law Court' and 'Aid Centres'. But the savagery of the Bill is the product of a mind that combines the ruthlessness of a slave driver with sadistic admiration for Hitlers system of labour camps".

7/......

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free



(d) "THE RISE OF THE SOUTH AFRICAN REICH" deur Brian Bunting. Uitgewer: Penguin Books, Middlesex, England 1964.

Op bl. 159 word die volgende bewering gemaak:-

"Apartheid breeds poverty, crime and insecurity among all sections of the population. The law has become so complex and confusing that it no longer corresponds with morality. It is the perpetually changing instrument of a ruling group which is prepared to go any lengths to maintain itself in power".

(e) "A HEALTHY GRAVE" deur James Kantor. Uitgewer: Hanish Hamilton, London.

Op bl. 89 van die boek wat handel oor sy aanhouding skryf Kantor:-

"Africans are not permitted under-clothing or shoes in prison, the authorities regard them as savages" - 'n Blatante leuen.

(f) "THE AFRICAN COMMUNIST", die amptelike mondstuk van die S.A. Kommunistiese Party, word in Londen gedruk (Ellis Bowles, Palmerstonweg 52, Londen, S.W.14, Engeland). Die tydskrif word in verskillende dele van die wêreld versprei en per pos na persone in Suid-Afrika versend.

Die volgende aanhaling uit 'n artikel ("South African Communist Party Central Committee - Statements and Resolutions") wat in THE AFRICAN COMMUNIST van 1967 (No. 29 Second Quarter 1967) verskyn het, dien as 'n duidelike voorbeeld van die tipe leesstof wat deur S.A. kommuniste in die gewraakte tydskrif aangebied word:-

"The present phase of the South African struggle inevitably involves the opening up of a new front of struggle: the beginning of guerilla actions by armed and trained freedom-fighters, backed by revolutionary struggles of the masses of workers and

8/......

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free



peasants, against the white supremacy state. The opening of such a new front in itself will have the most powerful effect and evoke a powerful response among the masses, increasing their confidence, spirit and militancy.

But it is not enough to await such happenings. Preparatory work to bring about the new phase includes ceaseless efforts, whatever the difficulties and risks, to counter the lying propaganda of the government, to arouse the resistance and spirit of the people".

Die inhoud van die Jan/Maart 1964 uitgawe van THE AFRICAN COMMUNIST weerspieël maar alte duidelik die beleid van die S.A. Kommunistiese Party in Engeland ten opsigte van Afrika, Internasionale Kommunisme en die Republiek van Suid-Afrika:-

(i) Afrika. Drie fases word voorsien vir die sogenaamde "Liberation of Africa":-

(a) Anti-kolonialisme. Die verwydering van alle kolonialistiese regerings van Kaap tot Kairo.

(b) Sosiale Rewolusie. Die Staatstrukture moet op sosialistiese grondslag hervorm word.

(c) Afrika-eenheid en sosialisme. Die grense wat deur die kolonialiste tussen state getrek is moet verdwyn en n "groot sosialistiese Afrika Unie" moet op vreedsame wyse en met onderlinge instemming, geskied.

(ii) Internasionale Kommunisme. Hierdie uitgawe bevat n spesiale beleidsverklaring deur die

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free



Kommunistiese Party van Suid-Afrika waarin Rusland as die leier van die kommunistiese lande gehuldig en 'n beroep gedoen word op eenheid in die kommunistiese blok. Alhoewel Rusland se kant duidelik gekies word in sy geskil met Sjina, word gematigde kritiek teen Sjina gebesig, blykbaar in belang van "Internasionale Kommunistiese-eenheid".

(iii) Republiek van Suid-Afrika. Die R.S.A. met sy "haatlike rassebeleid" is die grootste steen des aanstoots vir die sogenaamde bevryding en eenheid van Afrika.

'n Artikel wat meer as 20 bladsye beslaan behandel breedvoerig die internasionale veldtog wat teen die R.S.A. gevoer word met sanksies en boikotte.

Amerika en Brittanje word veroordeel omdat hulle beleggings in die R.S.A. gestyg het, ten spyte van die baie besluite in die V.V. om die R.S:A. te boikot. Die verskaffing van wapens en olie aan die R.S.A. word onverbiddelik veroordeel. 'n Beroep word op alle volke gedoen om die voorbeeld van die Afro-Asiatiese en Sosialistiese lande te volg en 'n algehele handels- en diplomatieke boikot te volg, om sodoende die R.S.A. te dwing om af te sien van apartheid.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free



(g) In die SECHABA (Vol 1, No. 1 van Januarie 1967) sê BRIAN BUNTING die volgende van die R.S.A. se Eerste Minister:- "Vorster must be shown up for what he is: The greatest peacetime Criminal in Africa, and one of the greatest in the world, a menace to humanity and the brotherhood of man".

4. 'n Lys van name van die bedrywigste S.A. kommuniste in Engeland word hierby aangeheg. (Bylaag 1).

"THE AFRICAN RESISTANCE MOVEMENT" (A.R.M.)

5. Die NATIONAL COMMITTEE FOR LIBERATION, wat gedurende Mei 1964 'n naamverandering ondergaan het en daarna as THE AFRICAN RESISTANCE MOVEMENT bekend gestaan het, is deur MONTAGUE DAVID BERMAN en JOHN LANG in Londen gestig.

6. Die doelstellings van THE AFRICAN RESISTANCE MOVEMENT is om deur geweld en sabotasie die regering van die R.S.A. tot toegewings in verband met 'n een-man-een-stembeleid te dwing, en om met ander ondermynende organisasies soos die A.N.C., P.A.C. en kommuniste saam te werk in 'n poging om die R.S.A. van die blankes te bevry. 'n Guerilla-oorlog word ook in die vooruitsig gestel.

7. Onmiddellik na die stigting daarvan het dié organisasie voortgegaan om plofstowwe en tydmeganismes vir sabotasiedoeleindes te bekom, en oorgegaan tot dade van sabotasie teen kragtorings en spoorweginstallasies, met aansienlike skade tot gevolg. Gedurende hierdie tyd is daar by 'n plofstofmagasyn naby Balmoral, Transvaal ingebreek en drie kaste dinamiet gesteel. Dit het later aan die lig gekom dat MONTAGUE BERMAN die R.S.A. op 'n geheime wyse vanaf Engeland binnegekom het, aandadig aan die inbraak was en persoonlik



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free



van die dinamiet na Durban geneem het waar hy dit aan DAVID EVANS (ṅ lid van A.R.M. wat tans ṅ vonnis van vyf jaar uitdien weens sabotasie - voorspruitende uit sy A.R.M.-bedrywighede) oorhandig het, met die opdrag dat dit teen Spoorweg- en kraginstallasies aangewend moes word. Na BERMAN etlike stede in die R.S.A. besoek het, het hy weer na Engeland uitgewyk.

8. In die saak waarin LYNETTE VAN DER RIET saam met EDWARD JOSEPH DANIËLS, DAVID GUY DE KELLER, ANTHONY ANDREW TREW, ALLAN KEITH BROOKS en STEPHANIE KEMP gedurende November 1964 op klagtes van sabotasie voor Sy Edele Regter Beyers verskyn het, het VAN DER RIET erken dat "explosive charges were prepared in her flat and that at one stage the feasability of using bacteria for sabotage was discussed". ADRIAN LEFTWICH, ṅ staatsgetuie wat eintlik ṅ medepligtige, en ṅ vorige president van NUSAS was, het erken dat hulle teen die end van 1963 ṅ geskenk van MONTAGUE BERMAN en JOHN LANG in Londen ontvang het. "It was a crate marked 'Glass'. Under a false bottom it contained sticks of plastic explosives." Hierdie 'sticks' of 'plastic explosives' was vir ṅ tyd in VAN DER RIET se woonstel gehou. Indien die optrede van hierdie groep sou slaag sou die gevolge skrikwekkend en rampspoedig gewees het.

9. Nadat daar gedurende 1964 op die AFRICAN RESISTANCE MOVEMENT toegeslaan is, het verskeie lede die R.S.A. verlaat en na Engeland en die vasteland van Europa uitgewyk waar hulle steeds besig is om hul subversiewe bedrywighede teen die R.S.A. voort te sit. Die belhamels wat hul tans in Engeland bevind, sluit die volgende persone in:-

(a) JOHN LANG en MONTAGUE BERMAN.

(b) MICHAEL SCHNEIDER @ LUKE of JIM. Hy is van



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free



Kaapstad afkomstig en het 'n vername rol in die bedrywighede van A.R.M. in daardie gebied gespeel. Hy was aanspreeklik vir etlike dade van sabotasie en het plofstowwe vir sy groep se bedrywighede geberg. Kort na die eerste arrestasies van A.R.M. ondersteuners op 4 Julie 1964 het SCHNEIDER die wyk na Swaziland geneem waar hy tot die begin van 1965 geskuil het. Daarna is hy via die R.S.A., Zambië en ander Afrika-state na Engeland.

(c) ROBERT WATSON @ BIG GORDON @ DONALD is 'n Britse onderdaan en voormalige lid van die Britse Weermagte. Gedurende die tydperk 1961-1964 het hy hom in Kaapstad bevind waar hy lede van die AFRICAN RESISTANCE MOVEMENT opgelei het in die gebruik van plofstowwe en ondermynende bedrywighede. Hy is 'n self-erkende kommunis en het teen die einde van 1963 van die Organisasie weggebreek omdat die Organisasie na sy mening te konserwatief in sy sabotasiepogings was. Hy het 'n meer blatante weg voorgestaan. Teen die begin van 1964 het hy die R.S.A. verlaat en bevind hom tans in Engeland waar hy met LANG en BERMAN skakel.

(d) JAMES RANDOLPH VIGNE @ BILL @ ALBERT @ WILFRED. Hy is 'n Suid-Afrikaanse burger deur geboorte, en as lid van die A.R.M. was hy vir sabotasie in die Wes-Kaapse gebied verantwoordelik. Toe die organisasie se bedrywighede teen middel 1964 ontbloot is het hy betyds na Kanada en later na Engeland uitgewyk.

(e) NEVILLE RUBIN @ TED, ook 'n lid van die Wes-Kaapse tak van A.R.M., het soos SCHNEIDER en VIGNE arrestasie ontwyk en via Swaziland, Mosambiek en Zambië na Engeland gevlug. Hy is 'n Suid-Afrikaanse burger deur geboorte.

(f) DAVID H. RUSSEL @ PERSY, wat in Kaapstad bedrywig was, bevind hom ook in Engeland.

(g) DENNIS ARTHUR HIGGS van Johannesburg, word vir

13/......

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free



etlike dade van sabotasie, insluitende die Johannesburgstasie bomaanslag van 24 Julie 1964, aanspreeklik gehou. Hy het 'n vername rol in die bedrywighede van A.R.M. gespeel, het plofstowwe beheer en op 'n aksiekomitee gedien. Omstreeks Mei 1964 het hy na Zambië uitgewyk om met 'n Bantoevrou in die huwelik te tree. Nadat hy hom tydelik daarna in die R.S.A. bevind het, toe hy na bewering uit Lusaka na Johannesburg geskaak is, het hy na Engeland vertrek.

(h) RONALD MURCH en sy vrou HILLARY van Johannesburg het ook net betyds gevlug en het hulle onlangs in Engeland bevind.

(i) MICHAEL WADE @ LITTLE GORDON van Johannesburg, bevind hom tans in Engeland.

(j) ADRIAN LEFTWICH en LYNETTE VAN DER RIET, albei van Kaapstad, wat namens die Staat teen medelede getuienis afgelê het, het ook onlangs na Engeland uitgewyk.

(k) ALEXANDER GWELLIAN COX het saam met H.F. LEWIN, RAYMOND EISENSTEIN, B.M. HIRSON en F. PRAGER in Pretoria weens sabotasie tereg gestaan. Hy is egter onskuldig bevind en dit is bekend dat hy onlangs met ander lede soos LANG en BERMAN in Londen kontak gemaak het. Hy het toe ook te kenne gegee dat die groep herorganiseer om weer bedrywig te raak.

(l)

Hy is tans in Engeland en daar is verneem dat hy pogings aanwend om weer deur die ander A.R.M. lede opgeneem te word.

(m) DERICK COHEN van Port Elizabeth het ook na Engeland uitgewyk.

14/.....

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free



BEDRYWIGHEDE VAN DIE
AFRICAN NATIONAL CONGRESS (A.N.C.) IN ENGELAND

10. Die A.N.C. is op 8.4.60 in die Republiek van Suid-Afrika in die ban gedoen weens die bevordering van kommunisme alhier. Sedert die inbandoening, is 'n kantoor deur die A.N.C. in Londen geopen, waar dit tans te 49 Rathbonestraat, Londen, W.I. gesetel is. Baie van die A.N.C. se aktiwiteite word tans vanuit hierdie kantoor beheer. Noue skakeling vind plaas tussen die A.N.C. in Engeland en lande soos Kuba en Rusland. Baie A.N.C. lede word in Rusland opgelei. Hoewel dit volgens erkenning 'n politieke organisasie vir bantoes is, is daar in die jongste tyd etlike blanke kommuniste soos SONIA BUNTING en ROSALIND AINSLIE wat met die Beweging gemoeid is, en wat hulle behulpsaam is met hulle aktiwiteite teen Suid-Afrika. Die leiers van die Beweging, waaronder OLIVER TAMBO, DUMA NOKWE, MOSES KOTANE, RAYMOND KUNENE en JOE MATTHEWS is gelyste kommuniste in Suid-Afrika, of persone wat sterk onder die invloed van die kommunisme staan. Die A.N.C. in sy geheel word as 'n kommunistiese organisasie beskou.

11. Die sterk invloed van die kommunisme blyk duidelik uit die feit dat die Sentrale Komitee van die Britse Kommunistiese Party onlangs in 'n artikel in THE AFRICAN COMMUNIST, sy volle steun toegesê het aan die A.N.C. in enige rewolusionêre veldtog wat as doel het om die Suid-Afrikaanse bewind omver te werp. Reeds sover terug as 1926 het die Russiese kommuniste opdrag aan die Suid-Afrikaanse kommuniste gegee om die A.N.C. te infiltreer en voor te berei vir burgeroorlog in Suid-Afrika. Die kommunis JAMES GUMEDE is byvoorbeeld aan die einde van 1926 verkies tot President/Generaal van die A.N.C. Sedertdien het die kommuniste beheer oor die organisasie behou. Optrede is gedurig verskerp,

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free



soos blyk uit die stigting van die A.N.C. se militêre vleuel, SPEAR OF THE NATION, op 16.12.61, en die onthullings van Rivonia op 11.7.63.

12. Hierdie Beweging is tans besig om sy bedrywighede openlik in Londen voort te sit d.m.v. vergaderings, protesoptogte, pamflette en publikasies soos SECHABA en A.N.C. NEWS. (Laasgenoemde 2 publikasies word later bespreek). Hulle gebruik die dekmantel dat daar teen die beleid van afsonderlike ontwikkeling opgetree word, maar in werklikheid is die optrede daarop gemik om kommunisme in die R.S.A. te laat seëvier.

13. OLIVER TAMBO, kommunis en Vise-President van die A.N.C. te Morogoro in Tanzanië, waar hy hom tans bevind, het op 20.4.62 in ŉ persverklaring vanuit Londen verkondig dat die nie-blankes in die R.S.A. deur middel van vlugskrifte tot oorlog teen Suid-Afrika opgeroep sal word. Hy staan aan die hoof van ŉ organisasie wat besig is met ŉ daadwerklike veldtog om ŉ bloedige rewolusie in Suid-Afrika te veroorsaak.

14. RAYMOND KUNENE, die leier van die A.N.C. in Londen, het tot op 4.1.64 250 persoonlike briewe aan lede van die ANTI-APARTHEID MOVEMENT gestuur, waarin ŉ beroep gedoen is om fondse, sodat die A.N.C. met die hulp van Britse geld hulle doel in Suid-Afrika kan bereik. Vir die doel van fondsinsameling is daar ook bv. ŉ kunsuitstalling in die Kunsgallerye te Old Brompton Road en Thurlae Place, Londen gehou vanaf 7 tot 27 Oktober 1965. Onder die borge vir die uitstalling het kommuniste soos OLIVER TAMBO en JEAN-PAUL SARTRE getel. Die A.N.C. versprei verder vorms onder die geledere van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party, waarvolgens die ondertekenaar skriftelik onderneem om ŉ sekere bedrag geld gelyktydig of d.m.v. paaiemente van sy salaris te laat aftrek,

16/.....

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free



en in die kas van die A.N.C. te laat stort. Gedurende Augustus 1966 het gelyste kommunis JOE MATTHEWS R1700-00 vanaf Londen na Lesotho gestuur vir hulp aan politieke vlugtelinge uit Suid-Afrika.

15. Die AFRICAN NATIONAL CONGRESS YOUTH AND STUDENT SECTION gesetel te 185 Gloucester Place, Londen, N.W.1. hou lesings vir gehore wat spesiaal uitgenooi word. Die lesings handel oor die geskiedenis van die bevrydingsbeweging van Suid-Afrika, waarvan die A.N.C. deel vorm, vanaf 1880 - 1960. Die konsep vir die eerste lesing was opgestel deur 'n Suid-Afrikaanse Indiër ESSOP PAHAD wie S.A. gedurende 1964 met 'n eenrigtingpermit verlaat het na sy inperking weens kommunistiese bedrywighede. Die sekretaris van die groep wat die lesings reël is LYTTELTON MUGGIKANA, 'n bantoe wat Suid-Afrika gedurende Oktober 1965 verlaat het met 'n eenrigtingpermit nadat hy in Suid-Afrika gevangenisstraf uitgedien het weens kommunistiese bedrywighede.

16. Tydens 'n A.N.C. Konferensie in Londen op 21.5.67 is die woord gevoer deur kommuniste soos ROBERT RESHA, JOE SLOVO, YUSUF DADOO, REGINALD SEPTEMBER en JOE MATTHEWS. Die doel was om nuwe lewe in die aktiwiteite teen die R.S.A. te blaas. Herorganisasie, met die doel om Suid-Afrika se uitwaartse beleid betreffende Afrika-state teë te gaan, word in die vooruitsig gestel. Volgens RAYMOND KUNENE is besluit om te konsentreer op die volgende aspekte:-

(a) Uitbouing van die publisiteits- en inligtingsafdelings van die A.N.C.

(b) SECHABA sal verbeter word wat betref formaat, inhoud en sirkulasie.

(c) Meer pamflette sal versprei word.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free



(d) ŉ Navorsingsentrum waar "feitemateriaal", dokumente, foto's, mikrofilm en ander navorsingsmateriaal nageslaan kan word deur die A.N.C. en ander kommunistiese organisasies, word beoog. Die gebrek aan so ŉ sentrum is ŉ leemte waarvan die A.N.C. volgens hulleself lank reeds bewus is.

(e) Opknapping van opleiding van A.N.C. lede vir terrorisme, en later, na oorname van Suid-Afrika, ook vir regeringspligte, word in die vooruitsig gestel.

(f) Die insameling van meer fondse word beoog.

17. Die volgende A.N.C. publikasies waarvan die inhoud sonder uitsondering gewy word aan die aansporing van Suid-Afrika se inheemse bevolking tot openlike geweldpleging en rewolusie in Suid-Afrika, word in Londen uitgegee en in Suid-Afrika versprei:-

(a) SECHABA. Word uitgegee te 47 Rathbonestraat, Londen, W.I. Die ampsdraers van die blad is:-

(i) Hoofredakteur - MANDLA NKOSI.
(ii) Besturende redakteur - JOE MATTHEWS.
(iii) Sirkulasiebestuurder - ZOLA GABA.
(iv) Direkteur van Publisiteit - ALFRED NGOKONG.

Kommuniste soos BRIAN BUNTING skrywe gereeld artikels in hierdie tydskrif. Die besturende redakteur is ŉ kommunis. In die Januarie 1967 uitgawe verskyn ŉ artikel THE CREEPING WAR waarin burgeroorlog in Suid-Afrika aangemoedig word. Illustrasies van bantoes wat militêre opleiding ondergaan word vertoon. Verwysende na guerilla-optrede teen Suid-Afrika sê die skrywer:- "The size of the action is not the essence of the matter. The



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free



essence is that actions have begun; that they grow; that they are coming into general operation to replace the era that passed. A beginning towards military struggle and civil war has been made ...."

In die Maart 1967 uitgawe sê THAMI MHLAMBISO namens die A.N.C.:- ".... A bloodbath is inevitable ... the people are increasingly aware that many sons, fathers, mothers and daughters will fall in the coming revolution. They accept that the road to freedom is via the cross ...." THAMI MHLAMBISO was vroeër in S.A. ingeperk weens sy kommunistiese bedrywighede en het die land met 'n eenrigtingpermit verlaat.

Die bestuur van SECHABA het onlangs 'n pamflet versprei getiteld THE AFRICAN NATIONAL CONGRESS CALLS YOU TO ACTION.

(b) A.N.C. NEWS. Die blad het gedurende Augustus 1967 sy verskyning gemaak. Dit word gedruk by dieselfde adres as SECHABA. Die hele inhoud van die eerste uitgawe is gewy aan die onlangse terroriste inval in Rhodesië met die R.S.A. as die eintlike mikpunt. Volgens die pamflet is die inval gedoen deur die LUTHULI COMBAT UNIT van die SPEAR OF THE NATION. Die A.N.C. en dus ook die A.N.C.-tak in Londen was verantwoordelik vir die inval. Die invallers was opgeleide persone wat geen respek vir lewe of eiendom koester nie, en opgelei is om chaos te skep deur middel van moord en doodslag onder onskuldige vroue en kinders.

18. Die A.N.C. skakel met die ander kommunistiese front-organisasies. So is JOE MATTHEWS byvoorbeeld 'n vise-voorsitter van die INTERNATIONAL ASSOCIATION OF DEMOCRATIC LAWYERS en dien RAYMOND KUNENE en LIONEL NGAKANE op die Nasionale Komitee van die A.A.M.

19/......

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free



19. ꞑ Lys van name van die bedrywigste A.N.C.-lede en A.N.C.-gesindes in Engeland word hierby aangeheg. (Bylaag 2).

BEDRYWIGHEDE VAN DIE
PAN AFRICANIST CONGRESS (P.A.C.) IN ENGELAND

20. Die P.A.C. het gedurende 1959 ontstaan nadat ꞑ groep lede van die A.N.C. onder leiding van ROBERT SOBUKWE, afgestig het. Die A.N.C. was na die mening van hierdie groep nie militant genoeg in hul optrede nie. Dit volg dus dat die P.A.C. uit die staanspoor ten gunste was van militante optrede teen die bewind in Suid-Afrika. Die militante benadering van die P.A.C. het dan ook gelei tot die veldtog in 1960 wat te Sharpeville geëindig het. Die P.A.C. is op 8.4.61 in die ban gedoen. Daarna is "Poqo", die geweldadige vleuel van die P.A.C. gestig, wat verantwoordelik was vir talle gevalle van brandstigting, moord en geweldpleging in die R.S.A.

21. Nadat die P.A.C. tot verbode organisasie verklaar is, het dit ꞑ kantoor in Londen geopen, waar dit tans nog te 374 Grays Inn Rd., Londen, W.C.1 gesetel is. Etlike van die leiers het na Londen uitgewyk. Vanuit Londen is die Beweging nog steeds besig om die Suid-Afrikaanse bewind te ondergrawe. Oorspronklik het NANA MAHOMO aan die hoof gestaan van die Londense kantoor, maar sedert Junie 1963 het wyle PATRICK DUNCAN as die buitelandse verteenwoordiger van die P.A.C. opgetree. Hy het openlik verklaar dat hy geen oplossing sien vir hulle probleem in Suid-Afrika nie behalwe deur middel van ꞑ burgeroorlog soortgelyk aan die Algerynse guerilla-oorlog. Op 6.5.63 het hy ꞑ artikel GATHERING DARKNESS IN SOUTH AFRICA geskrywe, waarin hy sy teorie aangaande rewolusie in Suid-Afrika uiteensit.

20/......

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free



22. Soos die A.N.C. tree die P.A.C. ook teen die R.S.A. op d.m.v. protesoptogte, vergaderings en die verspreiding van pamflette en publikasies.

(a) Op 21.3.65 het 'n P.A.C. protesoptog onder leiding van TANA MSIMANG op Trafalgarplein plaasgevind. Sprekers by die geleentheid was TOM KELLOCK, voorsitter van A.A.M., JOHN EBER, voorsitter van MOVEMENT FOR COLONIAL FREEDOM (M.C.F.) en BARNEY DESAI van die COLOURED PEOPLE'S CONGRESS (C.P.C.). MATTHEW NKOANA se toespraak is deur iemand anders afgelees. Op die byeenkoms is aangedring op die vrylating van saboteurs en terroriste wat in Suid-Afrika aangehou word.

(b) Op 2/5/65 is 'n P.A.C. vergadering in Ghana Sentrum Queen's Gate, Londen, S.W.7. gehou. Dit is bygewoon deur A.B. NGCOBO, PATRICK DUNCAN, MATTHEW NKOANA en MIMI TSELE. PATRICK DUNCAN het in sy toespraak klem gelê op die "oorlog tot die einde" tussen wit en swart in Suid-Afrika. Hy het beweer dat die blankes massamoord op die nie-blankes beplan en dat die blankes om dié rede uitgewis moet word. A.B. NGCOBO het 'n geweldadige rewolusie in Suid-Afrika voorspel en ook daarvoor gepleit.

(c) Op 18.7.65 het LIONEL MORRISON, gewese P.A.C. verteenwoordiger in die Ooste, 'n P.A.C.-vergadering in die Ghana Sentrum toegespreek.

23. Tydens 'n lesing gehou te 103 Gowerstraat, Londen, W.C.1, het K.A. JORDAAN, 'n Suid-Afrikaanse kleurling, wat in Suid-Afrika o.a. 'n lid was van die CONGRESS OF DEMOCRATS en later uit die land gevlug het, die patroon van optrede wat die P.A.C. beoog om in Suid-Afrika te volg nadat die regering oorgeneem is geskets.

21/......

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free



Ongeveer 50 mense was teenwoordig. ŉ Pamflet wat daarop gemik is om die leser tot deelname aan geweldadige rewolusie in Suid-Afrika aan te moedig, is aan die gehoor uitgereik; vergelyk die volgende aanhaling:-

"..... In Azania the P.A.C. is committed to revolutionary struggle similar to that of the Vietnamese people today, since Verwoerd's fascist rule allows no peaceful solution ... The British must know that an armed struggle is the only solution ...."

In sy toespraak het K.A. JORDAAN wat tans een van die leiers van die P.A.C. in Londen is, gesê dat:-

(a) Alle blanke eiendom in S.A. gekonfiskeer sal word;

(b) blankes se poste deur bantoes gevul sal word;

(c) kommuniste en ekstrimiste uit aanhouding bevry sal word.

24. Gedurende 1966 het die P.A.C. en die C.P.C. in Londen saamgesmelt. In ŉ gesamentlike verklaring deur MATTHEW NKOANA van die P.A.C. en BARNEY DESAI van die C.P.C. is die geweldadige omverwerping van die blanke bewind in Suid-Afrika uiteengesit.

25. MATTHEW NKOANA is ŉ eertydse leier van die P.A.C. in Londen. Sy plek is na die samesmelting van die P.A.C. en C.P.C. geneem deur BARNEY DESAI, eertydse President van die SOUTH AFRICAN COLOURED PEOPLE'S CONGRESS. Volgens DESAI wat na sy vertrek uit Suid-Afrika guerilla-opleiding in Rooi-Sjina ondergaan het, is die P.A.C. in aanraking met die Peking-bewind, wat enige bedrag geld belowe het om ŉ militante kleurlingorganisasie in Suid-Afrika van stapel te stuur.

26. Tydens ŉ toespraak voor die INTERNATIONAL AFFAIRS SOCIETY

22/.....

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free



OF THE UNIVERSITY OF SUSSEX het BARNEY DESAI hom soos volg uitgelaat:-

"The P.A.C. is committed to the liberation of South Africa from fascist colonialism by the use of force .... History taught us that no significant social change ever came about other than by the ruthless use of force."

Hy is bewus daarvan dat die verlies aan menselewens hoog sal wees, maar beskou dit as van minder belang in vergelyking met die status-quo in Suid-Afrika.

27. Die Pokela geval:-

MATTHEW NKOANA, IAN HENDERSON van CHRISTIAN ACTION (C.A.), en BARNEY DESAI het na onderlinge samesprekings gepoog om die arrestasie van POKELA deur die S.A. Polisie, vir P.A.C. bedrywighede, tot n tweede BEN BARKA saak op te blaas deur te beweer dat hy vanuit Lesotho deur die S.A.P. geskaak is, en dit nadat die Lesotho owerheid na deurtastende ondersoek bevind het dat POKELA wel op Suid-Afrikaanse grondgebied was toe hy gearresteer is.

28. Die P.A.C. oefen saam met ANTI-APARTHEID MOVEMENT, M.C.F., C.A., en AMNESTY INTERNATIONAL, druk uit op die Britse regering om stappe ter bevryding van POKELA te doen. CHRISTIAN ACTION, n organisasie wat voorgee om n godsdienstige inslag te hê, beskou bogenoemde aangeleentheid as voldoende rede om die P.A.C. te steun in alles wat in die verband gedoen word.

29. Bewys van die uiterstes waartoe die P.A.C. bereid is om te gaan, word ook gevind in die voorbereidings deur die Beweging om die boot "Torquil" te gebruik om wapens vanaf Algerië na die Ooskus van Afrika - Zoeloeland te vervoer met die doel om die ongeletterde bevolking in gewapende opstand teen die wettige regering te bring. Die boot het aan JOHN LANG, na wie vroeër

23/......

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free



in hierdie stuk onder die bespreking van A.R.M. verwys is, behoort. Laasgenoemde het nie geskroom om die boot vir die genoemde doel aan die sogenaamde P.A.C.-vryheidsvegters te verhuur nie.

30. Dit is bekend dat die P.A.C. in Engeland lede in Suid-Afrika werf om militêr opgelei te word onder 'n dekmantel van buitelandse studie met behulp van studiebeurse. In werklikheid gaan die "studente" sover soos Kairo waar hulle by die P.A.C. aansluit, en waarvandaan hulle na Sjina gestuur word vir terroriste opleiding.

31. Tydens 'n vergadering wat die P.A.C. saam met organisasies soos die ZIMBABWE AFRICAN PEOPLE'S UNION (Z.A.P.U.), die YOUNG LIBERALS en die A.A.M. gedurende Maart 1967 ter herdenking van Sharpeville op Trafalgarplein gehou het, het P.K. LEBALLO, die agerende President en Nasionale Sekretaris van die P.A.C., hom soos volg uitgelaat:-

"To be completely free and independent, the South African revolution aims at the complete elimination of all imperial monopolies and preferences in the country and the transfer of all imperial enterprises to the people as a whole. The P.A.C. also regards socialist states like the People's Republic of China, as their allies, because they had not only crushed Imperialism in their own countries, but are helping us to liquidate colonialism in ours."

32. Die P.A.C. gee die P.A.C. NEWSLETTER in Londen uit. Hierdie tydskrif se inhoud kan nie anders beskou word as aanhitsing tot massamoord en rewolusie in Suid-Afrika nie.

33. 'n Lys van name van die bedrywigste P.A.C.-lede in Engeland word aangeheg. (Bylaag 3).



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

KANALISERING VAN FONDSE VANAF ENGELAND NA DIE R.S.A. DEUR MIDDEL VAN DIE "SOUTH AFRICAN DEFENCE AND AID FUND"

34. Met uitsondering van 'n paar gevalle wat later in hierdie stuk bespreek word waarby privaat persone betrokke was, het die kanalisering van fondse vanaf Engeland na Suid-Afrika vir gebruik deur subversiewe organisasies in die R.S.A. ter bevordering van ondermynende bedrywighede, deur middel van die SOUTH AFRICAN DEFENCE AND AID FUND (Hierna die FUND genoem) plaasgevind.

35. Ofskoon die konstitusie van die FUND die indruk wou skep dat dit 'n outonome organisasie was, was dit in werklikheid niks anders as 'n tak van die DEFENCE AND AID FUND van CHRISTIAN ACTION, wie se hoofkwartier in Londen is nie. Nie alleen was die geld vanaf Londen gereeld "earmarked" nie, maar die FUND moes beramings maandeliks aan Londen voorlê waarin die sake uiteengesit is en waarvoor toekennings dan deur Londen gemaak is. CHRISTIAN ACTION het dan ook nie geskroom om spesifieke fooie vir sekere sake voor te skryf nie.

36. Die Britse DEFENCE AND AID FUND van CHRISTIAN ACTION maak deel uit van 'n netwerk van ekstremistiese en ineengestrengelde organisasies in Brittanje wat berug is vanweë die vuur waarmee hulle Suid-Afrika beveg. Hierdie organisasies word ondersteun deur die Kommunistiese Party in Brittanje en het in sommige gevalle ampsdraers wat vooraanstaande S.A. kommuniste is, soos SAM KAHN, SONIA en BRIAN BUNTING, RAYMOND KUNENE, ROBERT RESHA, Dr. Y.M. DADOO, MATTHEW NKOANA, LIONEL BERNSTEIN, ALBERT SACHS, WOLFIE KODESH, STEPHANIE SACHS, HILDA BERNSTEIN ensomeer. Die FUND in Suid-Afrika was deur die kommuniste ondersteun en het sy fondse

beskikbaar gestel aan die AFRICAN NATIONAL CONGRESS en die KOMMUNISTIESE PARTY VAN SUID-AFRIKA - twee ondermynende organisasies wat kragtens wet in Suid-Afrika verbode organisasies is.

37. Enkele van die organisasies in Brittanje wat deur S.A. kommuniste in Engeland gesteun word, en bydraes gemaak het tot DEFENCE AND AID, Londen, is die volgende:-

(a) MOVEMENT FOR COLONIAL FREEDOM - 'n organisasie wat op 12 Maart 1954 tot stand gekom het. In die eerste beleidsverklaring van die organisasie is onder andere die volgende gesê:-

"Most of the Colonial peoples have lost confidence in Britain. Millions of them are denied political rights and are left in poverty and disease. They are landless, ill-housed, ill-clothed. Their children go hungry, they are denied education. They are sacrificed to the interests of white settlers and foreign investors."

Die verklaring sluit:-

"... must create a psychological revolution throughout the Colonies."

(b) ANTI-APARTHEID MOVEMENT - Bekende kommuniste soos VELLA PILLAY, ROSALIND AINSLIE, ABDUL MINTY, RONALD SEGAL, RAYMOND KUNENE en TONY O'DOWD dien op die bestuur van die ANTI-APARTHEID MOVEMENT wat verbind is met CHRISTIAN ACTION en die steun geniet van die Britse Kommunistiese Party.

(c) AFRICA BUREAU - (Stigter MICHAEL SCOTT).

(d) WORLD CAMPAIGN FOR THE RELEASE OF SOUTH AFRICAN POLITICAL PRISONERS.

(e) THE AFRICAN COMMUNIST.

26/......

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

38. Soos dit sal blyk uit die inhoud van die volgende brief wat DOMHEER COLLINS van CHRISTIAN ACTION op 19 April 1963 aan WALTER SISULU geskrywe het, het SOLLY SACHS, 'n gelyste kommunis, persoonlik aandeel gehad in die insameling van fondse in Engeland. DOMHEER COLLINS skrywe by die geleentheid:-

"I am indeed only too aware of the terrible situation which grows worse and worse in your country. I have SOLLY SACHS working with me now on the Defence and Aid Fund and he keeps me well-informed of everything that is happening, as far as we can discover this end. On my behalf he is now managing the appeal for the Defence and Aid Fund and I am glad to say there is, once again, a growing response. We shall certainly do everything we can to go on helping until the liberation movement succeeds in its purpose."

(Die brief is tydens die Rivoniaverhoor as 'n bewysstuk ingehandig.)

39. Die invordering van fondse hier te lande het nooit noemenswaardige syfers behaal nie. Gereelde donateurs het nie bestaan nie en die plaaslike takke van die FUND het deur middel van etes, danse, konserte, bedelbriewe, en dies meer, die stywing van die FUND probeer aanhelp. As dit nie was vir buitelandse bydraes nie, kon die FUND nooit in Suid-Afrika behoorlik funksioneer nie en sou dit 'n vroeë dood gesterf het.

40. Met die insameling van fondse in Brittanje egter is gebruik gemaak van metodes wat nie anders as skokkend beskryf kan word nie. DOMHEER COLLINS en sy Suid-Afrikaanse Kommunistiese trawante is goed onderleg in die gebruik van "human interest" verhale wat hulle so maklik kan uitbuit deur die werklike feite onjuis weer te gee.

41. In die saak van die Staat teen VUYISILE en andere is

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

VUYISILE skuldig bevind aan moord en ter dood veroordeel. In ŉ bedeladvertensie beweer die DOMHEER dat VUYISILE gehang is omdat hy nie teen sy boesemvriend WILTON MKWAI wou getuig nie, maar WILTON MKWAI het toe alreeds gevlug na Basoetoeland. So verwronge is die feite in THE OBSERVER in Londen weergegee dat hy deur Suid-Afrika Huis tereggewys is en sy bedeladvertensie moes terugtrek.

42. Na ŉ hartroerende toespraak van DOMHEER COLLINS by die V.V.O. waaruit dit duidelik geblyk het dat die fondse wat deur die domheer en sy trawante ingesamel en na Suid-Afrika gestuur is, gebruik moes word om saboteurs, moordenaars, brandstigters, meineders en dies meer in hulle kwaadwillige optrede te sterk, nie alleen om hulle verdediging te waarborg nie, maar om die familie-onderhoud in al sy fasette te onderneem, is DEFENCE AND AID, Londen as ŉ goedgekeurde agentskap van die V.V.O. aanvaar. DEFENCE AND AID, Londen kon nou geld invorder op internasionale basis en hierdie oproep het ook geld ingebring van Sowjet Rusland ten bedrae van R7140-00. Saam met die skenking aan DEFENCE AND AID, Londen, skryf die Sowjet Regering:-

"... The Soviet Government has been guided by its fundamental position with regard to support for the national liberation movements of peoples struggling against colonialism and racialism in all their forms and manifestations and the provision to them of moral, political and material assistance in that just struggle."

(Daar is wettiglik beslag op dié brief gelê ten tye van die inbandoening van THE S.A. DEFENCE AND AID FUND.)

43. Dit is opmerklik hoe die welsynsafdeling van die FUND geleidelik verswak het totdat dit geheel en al gestaak is aan



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

die begin van 1964. Met kommunistiese hulp en gelyste Suid-Afrikaanse kommuniste in die geledere van die komitees, kon ook niks anders verwag word nie. Die doel van die Kommunistiese Party is immers die omverwerping van die bestaande Regering en deur welsynswerk te doen kan dit nie bereik word nie. Geweld, sabotasie en ondermynende bedrywighede moet aangeblaas word en boweal word die nodige fondse deur die FUND beskikbaar gestel vir dié doel.

44. Die kommunis se magtigste wapen is insypeling en deur insypeling in die komitees van die FUND kon die bedrywighede van kommuniste maklik bevorder word onder die vaandels van die FUND. Dit het dan ook inderdaad gebeur.

45. Na die beëindiging van welsynswerk deur die FUND is al die fondse gebruik vir die politieke bedrywighede van die verbode AFRICAN NATIONAL CONGRESS, die PAN AFRICANIST CONGRESS en KOMMUNISTIESE PARTY. Salarisse van amptenare van die KOMMUNISTIESE PARTY is ook uit hierdie fondse wat hul oorsprong in Engeland gehad het, betaal.

46. Gedurende 'n ondersoek wat as gevolg gehad het dat THE DEFENCE AND AID FUND per Proklamasie No. R77 van 1966, op 18 Maart 1966 tot 'n onwettige organisasie verklaar is, is daar kragtens wet op verskeie dokumente beslag gelê. Sommige van hierdie dokumente, die inhoud waarvan hieronder weergegee word, dien as 'n onomstootlike bewys van die kanalisering van fondse van Engeland na die R.S.A. :-

(a) Die noue verband tussen die FUND en die KOMMUNISTIESE PARTY in Suid-Afrika blyk uit die volgende brief van DEFENCE AND AID Londen aan Dr. HELLMAN, voorsitster van die Johannesburg-

29/......

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

tak van die FUND:-

"... I am writing to tell you that we have been strongly advised by Mr. JOEL JOFFE and also by BRAM FISCHER that in the present situation it would be wise to retain a lawyer to deal with all the political cases in Johannesburg. We have therefore agreed to retain Miss RUTH HAYMAN as the lawyer and have offered a fee of R600 (£300), per month commencing on 1st October, 1964. In the first instance for a trial period of six months ..."

(b) Op 6 Augustus 1964 het DOMHEER COLLINS hom as volg teenoor BRAM FISCHER per brief uitgelaat:-

"... Enclosed is a copy of an account in respect of legal fees in the case of JAMES KANTOR who has appealed to Defence and Aid for a refund of this amount which he states he borrowed to pay the lawyers ..., in view of the present grave situation and the many new demands which I anticipate will be made on the Fund it is important to get your opinion on this matter to know whether you think that this is our responsibility, and should be paid by us? In part? or in full? ...". (BRAM FISCHER, die gelyste kommunis, het die FUND beide in Suid-Afrika en in Brittanje van raad bedien wat sekerlik nie kommunisme sou beveg nie.)

(c) Met die totstandkoming van die FUND in Suid-Afrika het DOMHEER COLLINS, voorsitter van CHRISTIAN ACTION, Londen hem as volg uitgelaat:-

30/......

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

"... The Management Committee and Trustees seem to be an admirable lot and should carry full confidence this end with the people from whom we are extracting money. It looks as though the terms of reference you have cover roughly the same as those we are working under this end so we ought to have no difficulty in passing money on to you for all the purposes for which we collect it ... the people are generally coming to regard the Defence and Aid Fund administered by the Christian Action as the one National Fund for all purposes in regard to South Africa ... In the past I think there has been money sent from various people and organisations direct to South Africa in response to appeals not coming directly from the Treason Trial Committee or your new set up. I hope that this has now stopped and that in future money will be channelled through us ... Alan Paton some time ago told me that he thought it essential for the bulk of the money to be kept here in case at any point the South African Government should pass legislation by means of which they could take over any Fund held out there ... I understood from Ambrose Reeves that we had left over £6000, which we had sent out previously earmarked for the Treason Trial defence ...".

(d) In Mei 1964 skryf dr. BILL HOFFENBERG, toe voorsitter van die Kaapse-tak van die FUND, uit Londen aan die Kaapse-tak:-

"An interim report from the land of the free. Have



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

spent many hours making myself very unpopular at the Defence and Aid offices here.

1. Money. They sent £1,000 to Johannesburg on 8th May. I told them about our misunderstanding re the £750 earmarked for the Alexander trial. They have agreed to send this amount straight to C.T. More important is that their prospects look good - money is pouring in - over the past two months - largely the result of the Observer appeal. Some of this is earmarked for Rivonia, but there should be a lot due to us. Their allocations committee only meets in about 2 weeks time, but we will get a reasonable chunk. If we don't, we must make a big fuss, as I know what they've got in (spies!). Dr. HELLMAN must write, and John must write, stressing that we are turning down cases, while we believe that money is available in London. Do this soon and make it string. Stress urgent need for money now - we can't wait for committee meetings. Can't they short-circuit things to make something available? Etc., etc.

They are considering (at my request) a scheme whereby they will underwrite an unspecified amount (£500?) at C.T. and JHB. so that we can get into debt to this amount and know that they will help us out.

I've used all the pressure I can. COLLINS is away, unfortunately, but John and Dr. Hellman must keep at them - give them details (harrowing) of cases turned down - make them up, if they don't exist! Ask RUTH HAYMAN to push the same line with them.

32/......

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

LANG is doing his best, incidentally, but is himself tied down.

2. The Williams Case ... a sore point! They say that they couldn't help themselves - money and phone calls and help of all sorts poured in - what were they to do? Further, they helped him through C.A., not D. & A. which is a subsidiary. They are furious about Bloomberg, who was recommended to them by someone here. I've created a lot of fuss about this, so perhaps play it down a bit from now on.

That's about all, except that we must not turn down cases, but take on all we can and throw the expense back at them. We're in quite a strong position vis-a-vis C.A., as D. & A. is wagging the whole concern at the moment and I think they need us quite badly."

(e) Die Kaapstad-tak het op 17 Maart 1966 die volgende aan DEFENCE AND AID Londen geskryf:-

"... Livingstone Mrwetyana. I do not know what his original sentence was ... Could you please tell us the exact amount earmarked for his trial? Port Elizabeth do not have a record of it and would like to know".

(f) In Junie 1963 skryf D. CRAIGHEAD, voorsitter van die Johannesburg-tak aan DOMHEER COLLINS:-

"... In regard to your suggestion that we advise the Society of Friends as to the amount of money received from 'Defence and Aid' London, since the Treason Trial,



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

there is some difficulty as we do not have records of monies that have been sent direct for certain cases, nor do we have in Johannesburg full records of monies which have at times been sent to other centres".

(g) Uit die notules van 'n spesiale vergadering van die Durban-tak van die FUND blyk die volgende:-

"... Money had come from Canon Collins and Trade Unions; there was now about R5000.00 in hand and Race Relations had been given R2500.00 for defence which it was hoped they would hand over. World Council had promised to raise a further sum - our chairman undertook to write and ask that money be sent through proper channels".

(h) Die finansiële posisie van die FUND word as volg in 'n skrywe vanaf Johannesburg aan die Kaapse-tak beskryf (19.10.61):-

"... The fact of the matter is that Defence and Aid leaned too heavily upon Christian Action with the result that when C.A. sends nothing finances become desperate. Although Canon Collins undertook to provide £6000 over 4 months (May to August) only £2000 has been forthcoming and you have had a fair share of that ...".

(i) As voorsitter van CHRISTIAN ACTION het DOMHEER COLLINS hom soos volg uitgelaat teenoor die FUND (18.6.63):-

"... Realising how desperate and enormous the needs for Defence and Aid in South Africa are, we have been

34/.....

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

planning a number of campaigns on a national and international scale devoting special attention to the trade union in Britain (including national and branches), the U.S.A., Canada, Australia, New Zealand and possibly other countries ... recently had a chat with Harold Wilson, and he readily agreed to sign an appeal to British, U.S.A., and Commonwealth trade unions to donate generously to our Defence and Aid Fund ... There is of course not the slightest objection to the Defence and Aid Fund in South Africa receiving moneys direct and not through us ... my only concern is that you should get the maximum possible and I believe that this can best be achieved if the Trade Union movement this end is complimentary to our general which is now both national and international. It also seems to me that it is better for money to be held in London and sent to you as and when you request it than to give you the problem of holding large balances which at any time the Government might decide to confiscate. I was wondering therefore whether your committee would consider writing to the General Council of the T.U.C. pointing out the benefits which would result for the folks in South Africa if all moneys went through our Defence and Aid Fund here in London ...".

(j) Op 16 Augustus 1965 deel Johannesburg die Kaapsetak as volg mee:-

"... London has informed us that they will be sending money at intervals and that R4,000 will be sent at a

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

time. This has been coming through at more or less fortnightly intervals, and one can only presume that they have reason for this ...".

(k) MARY-LOUISE HOOPER van die AMERICAN COMMITTEE ON AFRICA het haar as volg uitgelaat teenoor die FUND Port Elizabeth:-

"... You will soon, if you have not perhaps already, receive the sum of 1000 dollars from the International Defence and Aid, London, which was earmarked by us for your office, for relief of the families ... Our office is now affiliated with the International Defence and Aid so we will send money through them, from time to time ...".

47. Bo en behalwe die enkele gevalle waarna hierbo verwys is, toe fondse deur middel van die FUND na die R.S.A. gekanaliseer is, het DOMHEER COLLINS op baie geleenthede geld regstreeks aan die applikante of prokureurs versend. Enkele gevalle is die volgende:-

(a) 'n Bedrag van R1997.50 is deur CHRISTIAN ACTION direk aan prokureurs Ress, Richman & Co, Kaapstad gestuur vir die Alexander-appèlsaak;

(b) R500 direk aan prokureurs in Kaapstad vir Isaac & Others-saak;

(c) 'n bedrag van R1397.75 is direk oorbetaal aan RUTH HAYMAN vir die HARRIS-saak;

(d) aan prokureur J.N. SINGH van Durban is 'n bedrag van R1,000 direk gestuur;



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

(e) aan prokureurs JOACH en JANKELOWITZ van Port Elizabeth is R1,000 direk gestuur;

(f) aan prokureur H. FESTENSTEIN van Johannesburg is R1,156 direk gestuur.

48. Ofskoon die FUND gedurende sy bestaan etlike duisende subversiewe sake laat verdedig het met geld vanaf Engeland, is daar enkele sake van besondere belang in soverre dit die kanalisering van fondse vanaf Engeland raak.

(a) Die Rivonia-Verhoor.

Nog voor die Rivoniasaak 'n aanvang geneem het, het die FUND hier ter plaatse besluit om geensins daarmee gemoeid te wees nie. In die eerste plek, so het hulle argumenteer, was dit 'n tipe saak wat buite die bestek en bepalings van die konstitusie val en tweedens was fondse ook nie beskikbaar vir so 'n groot saak op daardie stadium nie.

DOMHEER COLLINS wou ten alle koste die saak laat verdedig en het ook die nodige fondse beskikbaar gestel deur die geld aan prokureur JOEL JOFFE van Johannesburg te stuur. Op hierdie wyse is R34,000 beskikbaar gestel vir die verdediging van beskuldigdes in die Rivonia-verhoor. Hierdie geld is direk aan JOEL JOFFE gestuur. Daar is onteenseglik baie geld van behoeftiges in Brittanje gevorder, of liewer "extracted", soos die Domheer dit self genoem het en dan is dit op die wyse bestee soos blyk uit die Rivonia-verhoor.

(b) Fischer en Andere - Verhoor.

Die Fischer-en-andere-verhoor het 'n wêreldwye opskudding veroorsaak veral nadat Fischer sy borg verbeur het en

37/......

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free



ondergronds gegaan het. Uit die volgende uittreksels uit briewe is dit duidelik dat die saak vanuit Engeland gefinansier is.

Op 16 Desember 1964 skryf DOMHEER COLLINS aan die FUND te Johannesburg:-

"... This letter also confirms that we will guarantee the sum of £3,000 in the case of Advocate Fischer and co-accused. We understand that Mr. Joel Joffe, the lawyer who originally handled the case, had already briefed counsel and is now leaving South Africa ...".

Op 22 Januarie 1965 skryf DEFENCE AND AID, Londen aan DAVID CRAIGHEAD, voorsitter, Johannesburg-tak van die FUND:-

"... The reason for our delay in replying is that Canon Collins is away from London for two months and was waiting for him to come up to London yesterday to discuss the whole question of costs with particular regard to the case of Bram Fischer and thirteen others ...".

Op 7 April 1965 skryf DEFENCE AND AID, Londen aan DAVID CRAIGHEAD as volg:-

"We would like to know from you the total costs in the Fischer case as we hope to meet all these including the costs of Mr. Fischer's defence Counsels".

Die FUND het 'n bedrag van R17,669 betaal aan HAYMAN and ARONSOHN ten opsigte van die Fischer-saak. Die beraamde koste het R17,000 beloop.

In antwoord op die navraag van CHRISTIAN ACTION



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free



skryf die Johannesburg-tak op 15 April 1965:-

"... To date we have paid out an amount of R17,669,00 for the Fischer trial. This includes costs of Mr. Fischer's defence counsels and all expenses to date. However, some more will be needed and it is certain to be taken on appeal ...".

49. Die doelstellings van die beskuldigdes in beide die Rivonia en Fischer-verhore laat nie die minste twyfel nie : die omverwerping van die bestaande regeringstelsel deur geweld en bloedstorting en die daarstelling van n despotiese regeringstelsel gebaseer op die diktatorskap van die proletariaat. Om genoemde sake in die bestek van die konstitusie van die FUND te bring sal voorwaar n unieke vertolking vereis.

VOORBEELDE VAN DIE AANDEEL VAN
PRIVAAT PERSONE (KOMMUNISTE) IN ENGELAND
IN DIE KANALISERING VAN FONDSE NA DIE R.S.A.

50. (a) Die Fred Carneson - Verhoor.

In die saak teen FRED CARNESON wat tereggestaan het op aanklagte van sabotasie en die bevordering van kommunisme, het die volgende feite aan die lig gekom:-

Omstreeks die einde van 1964 het Carneson n sekere Mnr. Alf Arenstam van Kaapstad genader om advies in verband met die oorplasing van geld vanaf Londen na die R.S.A. sonder om van banke gebruik te maak. Hulle het toe ooreengekom dat Carneson met die kommuniste in Londen, en wel deur middel van Brian Bunting, moes reël dat fondse in Alf Arenstam se



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free



seun, Dr. Anthoney Arenstam, se bankrekening in Londen inbetaal word. Sodra Alf Arenstam bevestiging van sy seun ontvang dat die geld wel inbetaal is sou hy die soortgelyke bedrag in kontant aan Carneson uitbetaal.

Carneson het toe met Brian Bunting in Londen reëlings getref, waarna Bunting R4000 op Anthoney Arenstam se bankrekening gedeponeer het. Na bevestiging het Alf Arenstam dieselfde bedrag in kontant aan Carneson oorhandig. Die geld is ter bevordering van kommunisme in die R.S.A. gebruik.

(b) Die Bram Fischer - Verhoor.

In die saak teen die kommunis Bram Fischer het die volgende feite aan die lig gekom:-

Aan die einde van Junie 1965 het Julius First vanuit Londen aan sy seun in Johannesburg, Ronald First, opdrag gegee om aan 'n persoon wat hom sou nader die bedrag van R2000 uit te betaal van fondse wat Ronald vir sy vader in die R.S.A. beheer het. Die geld is in weeklikse paaiemente van R250 deur Ronald se vrou Clarice First, aan Leslie Schermbrucher oorhandig. Laasgenoemde het die geld uitsluitlik vir bedrywighede van die Kommunistiese Party en van die A.N.C. aangewend, o.a. om kwekelinge vir onwettige opleiding te werf en te versorg.

Gedurende September het Ronald opdrag gegee dat 'n verdere R2000 aan Leslie Schermbrucher oorhandig word, en gedurende November is 'n verdere R100 beskikbaar gestel vir Mev. Heymann, wie se man aangehou is.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free



Die geld wat op hierdie wyse aan die S.A. kommuniste beskikbaar gestel is, is weer in Londen aan Julius First terugbetaal deur kommuniste aldaar.

51. Dit sal nie alleen paslik nie, maar ook insiggewend wees, om af te sluit met die volgende aanhaling uit 'n dokument DRAFT DISCUSSION STATEMENT gedateer 24 Augustus 1965, opgestel deur die kommunis ABRAM FISCHER, en in sy besit gevind tydens inhegtenisname:-

"We cannot expect any radical change in South Africa's policy until its economic foundations begin to crack. Mass political action directed towards this end should therefore be the prime object. It is true that internal blows to our economic structure may by themselves be insufficient to change this policy. We must therefore gain international support. But the best and in fact the only sure method of achieving this is by internal mass political action. Real assistance from other nations cannot be expected without strong political and trade union action here. We must seek to pull into the struggle and to encourage students' and womens' organizations, progressive churchmen, newspapers and journalists and even professional bodies (Lawyers, doctors, teachers, etc.). We must make it our business to feed them with facts and to educate them by propaganda in every possible form - leaflets, letters to the press and to individuals, personal persuasion, news-sheets, etc. The essence of this line is the well-known principle: to combine legal and illegal activity to the fullest extent. Therefore, let us combine legal with illegal activity wherever this is possible. In order to preserve ourselves we must apply the strictest security

41/......

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free



rules but not abandon our revolutionary function. From now on therefore, we must set ourselves the tasks, not only of rebuilding our own organization and the other organizations of the Congress Alliance, but of stimulating hatred of and opposition to the Government and its policies in every possible sphere. This means that members and supporters will be expected not only to work in their own organization but also to work in and become activists in other organizations and to a large extent, members and supporters will have to seek out such organizations and use their individual initiative in working there. Above all, this is the time when members must pay particular attention to individuals who, without any breach of security, can be won over to our side of the struggle ... This will require patient explanation and education, maintainin contact with persons likely to be so won over and seeking new contacts, especially amongst those who have not yet taken part in the struggle. A section of our Press is doing a magnificent job in exposing the cruelties and viciousness of Apartheid; so are individual Liberals and Progressives; so are a number of student organizations, so above all are members of the Transkei Territorial Authority and even of Location Advisory Boards ... In these circumstances the perspective is clear. We do not have to start from "scratch". We must take full advantage of this perspective. Now is the time when every member and supporter must make contacts, must teach and must recruit."

Is dit nie inderdaad waarmee S.A. kommuniste en ander linksgesindes tans in Engeland besig is nie?

----0----

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free

GEHEIM                    BYLAAG 1

GELYSTE KOMMUNISTE IN ENGELAND (BELHAMELS)

ARENSTEIN - Bernard
BAKER - Julius
BALDRY - Harold Caparne
BALDRY - Carina Hetley
BERMAN - Montague David
BERMAN - Myrtle
BERNSTEIN - Lionel @ Rusty
BERNSTEIN - Hilda L.
BLAKE - Robert William
BLECHER - Bessie
BLOOM - Harold Saul
BROWN - Emanuel
BUNTING - Brian Percy
BUNTING - Sonia Beryl
BUNTING - Rebecca
CARNESON - Sarah
CLOSE - Radford Esdaile
COHN - Gertrude
CROSS - John Sholto W.
DADOO - Yusuf Mohammed
DENTON - Percy
DICK - Nancy Graham
DU PREEZ - Ray
FEHLER - Barney
FLEET - Ronald Henry
FRANCIS - Joseph Michael
GOLDBLATT - Freda
GOSSCHALK - Bernard Louis
HARDY - Ada Blanche
HARMEL - Ray
HARMEL - Michael Allan
HARRISON - Arnold Aaron
HEPPLE - Bob Alexander
HODGSON - Percy John @ Jack
HODGSON - Rica
HOOGENDYK - Jacqueline F.
HORVITCH - Isaac Osler
ISRAEL - Alexander
JOSEPH - Paul
KAHN - Sam
KODESH - Wolf
KRAMER - Winnifred @ Winnie
LA GUMA - Blanche
LEWITTON - Isaac @ Archie @ H. Oberholzer
LUTZ - Walter Patrick Wolfgang
MATTHEWS - Vincent Joseph
MILNER - Maurice Alfred
MOKGATLE - Naboth Nyandwe
MONAGHAN - Paul
NAICKER - Marimuthu Pragalathan
NEAME - Sylvia Brereton
O'DOWD - Anthony P.
PETERS - Frederick Cecil
PHILLIPS - James K.
ROUTH - Gerald Guy
SACHS - Albert Louis
SACHS - Emil Solomon @ Solly
SCHEDRIN - Joan
SEPTEMBER - Reginald
SIMONS - H.H. Rachel @ Ray Alexander
SIMONS - Harold Jack
SLOVO - Heloïse Ruth neè Ruth First
SLOVO - Joseph @ Joe
SYVRET - Victor John
TREWHELA - Paul Henry
TUCKER - Doreen
URRY - Pauline Althea @ Mrs. Sam Kahn
WATERFIELD - William Hugh H.
WILLIAMS - Cecil George
Woolf - Samuel

----0----

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free

GEHEIM BYLAAG 2

A.N.C.-LEDE EN -GESINDES IN ENGELAND (BELHAMELS)

1. RAYMOND FAKAZI MAZIZI KUNENE @ JAMES DESIREE - A.N.C. verteenwoordiger vir Brittanje en Europa.

2. JOSEPH GAOBAKWE MATTHEWS @ VINCENT JOSEPH @ JOE @ BOKWE - besturende redakteur van die A.N.C.-publikasie SECHABA - gelyste kommunis.

3. MANDHLA LEONARD NKOSI - redakteur van SECHABA.

4. THABO MBEKI. Hy beklee 'n belangrike pos in die Londense A.N.C.-kantoor.

5. LYTTELTON SOBIZANA MNCEDISI MNGQIKANA - Londense sekretaris van die 'Youth and Student Section' van die A.N.C. in Engeland.

6. MAHLULI WORDSWORTH MNGADI @ WILLIAM @ POPANA @ NGEMA.

7. TERESA MAIMANE.

8. ETHEL NONCOMONDE NOBADULA.

9. YELLEDITH YEDWA ZUNGU @ KAPP @ CAP.

10. Die akteur, LIONEL NGAKANE. Hy is gemagtig om tjeks vir die onttrekking van A.N.C.-fondse in Londen te mede-onderteken.

11. ADELAIDE TAMBO - vrou van Oliver TAMBO, die adjunk-President-generaal van die A.N.C.

12. LEWIS NKOSI - anti-blanke skrywer.

13. ROSE-INNES PAHLE.

14. JETHRO SWAN.
15. MEOLETSI MBEKI.
16. EVE CONNIE NDULI. Sy tree as koeriere vir die A.N.C. tussen Brittanje en die R.S.A. op.

17. GODUKA MOELETSI MBEKI.
18. STEPHEN PANDULE GAWE @ POPSIE. Hy het die R.S.A. op 1.10.1966 met 'n eenrigting vertrekpermit verlaat om in Brittanje verder te gaan studeer.

19. THAMSANGA WINNAR D. MHLAMBISO @ THAMI @ CHUMMY. Hy het die R.S.A. aan die begin van 1967 met 'n eenrigtingvertrekpermit verlaat om in Brittanje te gaan studeer. Hy het onlangs aktief aan die 'World Campaign for the Release of S.A. Political Prisoners' deelgeneem.

20. MAHLUBI LIVINGSTONE MRWETYANA. Hy het die R.S.A. op 20.4.67 met eenrigtingvertrekpermit verlaat om in Brittanje verder te gaan studeer. Hy het ook onlangs aan die 'World Campaign for the Release of S.A. Political Prisoners' deelgeneem.

Laasgenoemde drie persone het aldrie, voordat hul die R.S.A. verlaat het, gevangenisstraf weens A.N.C.-bedrywighede uitgedien.

21. SIMON DABI MRWETYANA. Hy het die R.S.A. op 31.7.1965 met 'n eenrigtingvertrekpermit verlaat om in Brittanje verder te studeer.

22. SAMUEL TEMBA NOLUTSHUNGU.
23. NUNCI CENGWA GERTRUDE NZIMANDE.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free

G E H E I M BYLAAG 3

P.A.C.-LEDE IN ENGELAND (BELHAMELS)

BARNEY DESAI
KENNETH JORDAAN
CARDIFF MARNEY
LIONEL MORRISON
BENNY BUNSEE
TOMMY MOHOJANE
MIMI TSELE @ EDWARDS
TANA MSIMANG
MLAHLENI NJISANE
IMAM HARON
EBRAHIM DESAI
HASMAT KAHN
PROF. ZEKHELA
COLLINGWOOD AUGUST
MATTHEW NKOANA
NANA MAHOMO

----0----

21 Nov. 1967.
FH/AB

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free

Bêre Geniet aandag
op individuele lêers
4/4/67

2/2/1

S.4/2705

SUID-AFRIKAANSE POLISIE.

Privaatsak 302.
Tel. 2-9280-9.

HOOFKANTOOR,
PRETORIA.
28 Maart 1967.

Die Beredderaar,
S.A. Kommunistiese Party
p/a Die Sekretaris van Justisie,
P R E T O R I A.

AANSOEK TOT "NOEMING" VAN LEDE VAN DIE S.A. KOMMUNISTIESE PARTY.
Nr. 2/2/1 van 31/8/1966.

1. Ten opsigte van die volgende bantoes kan geen verdere getuienis en/of dokumentêre bewys bekom word om hulle name op die lys van kommuniste te laat plaas nie:-

| | | | |
|---|---|---|---|
| (1) | JOHN MATTHEWS | - | S.4/3418 |
| (2) | JOSHUA JELE | - | S.4/2985 |
| (3) | MOSES M. MADIBA | - | S.4/3435 |
| (4) | TAMSANGA B. BONGA | - | S.4/9370 |
| (5) | TENNYSON X. MAKIWANE | - | S.4/2609 |
| (6) | JOHANNES S.S. @ JOE MODISE | - | S.4/2910 |
| (7) | ALFRED B. NZO | - | S.4/3336 |
| (8) | FETE @ MILNER NTSHNGANE | - | S.4/1260 |
| (9) | VINCENT KUMALO | - | S.4/5025 of S.4/14673 |
| (10) | APAPHAS SELBOURNE MAPONYA | - | S.4/2042 |
| (11) | OLIVER R. TAMBO | - | S.4/666 |
| (12) | JULY MAKARINGA | - | S.4/5870 |
| (13) | JACOB POO | - | S.4/1975 |
| (14) | N. GERTRUDE SHOPE | - | S.4/14342 |
| (15) | N. ALBERTINAH SISULU | - | S.4/2704 |

obliterate 2.

obliterate (a)

obliterate

1. P.P. DUMA NOKWE - S.4/1296
2. WALTER U.M. SISULU - S.4/1066
3. V.J. (JOE) MATTHEWS - S.4/997 en
4. MARKS WILLIAM SHOPE - S.4/2315

obliterate (b)

/2...

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free



| | | |
|---|---|---|
| 1. EUPHEMIA N. THLAPANE | - | S.4/14466. |
| 2. URIAH M. MALEKA | - | S.4/4719 |
| 3. M.W. SHOPE | - | S.4/2315 |
| 4. OBED MOTSHABE | - | S.4/1415 en |
| 5. RUTH MATSOANE | - | S.4/2796 |

(c)

Oblitera[illegible]

(a) W.U.M. SISULU - S.4/1066 en

(b) NELSON MANDELA - S.4/907

3. Die gevalle van die volgende betrokke bantoes is of word onder aparte dekking afgehandel:-

| | | |
|---|---|---|
| (1) ARCHIBALD M. SIBEKO | - | S.4/2841 |
| (2) STEPHEN DHLAMINI | - | S.4/2474 en |
| (3) ELMAN MALELE | - | S.4/2691. |

(Get.) J.F. VAN DER MERWE. Lt.-Kolonel.
n/ DIE KOMMISSARIS
SUID-AFRIKAANSE POLISIE.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free

2/2/1 S.A.P. 148 (F).

No. S.13/154. V.10.

SUID-AFRIKAANSE POLISIE. SOUTH AFRICAN POLICE.

Privaatsak / Private Bag 302.
Telefoon / Telephone 2-9280-9.
Telegramadres / Telegraphic Address „KOMPOL 302".

HOOFKANTOOR,
HEAD OFFICE,
PRETORIA.

26.10.1966.

GEHEIM
SECRET

Die Sekretaris van Justisie,
P R E T O R I A.

KOMMUNISTIESE PARTY VAN SUID-AFRIKA.

1. Ek moet berig dat tydens die ondersoek van die Rivonia saak daar in die Poskantoor te Umtata beslag gelê was op n bedrag van R15 wat deur Govan Mbeki, een van die beskuldigdes, namens die Kommunistiese Party aan een van die Party se agente in die Transkei gestuur was.

2. Die geld was nie tydens die verhoor as bewysstuk ingehandig nie omdat die aanklaer dit nie nodig geag het nie.

3. Die geld is die eiendom van die Kommunistiese Party en word nou aangestuur vir die nodige beskikking daaroor deur die beredderaar.

LIEUTENANT-COLONEL
LUITENANT-KOLONEL

n/KOMMISSARIS : SUID-AFRIKAANSE POLISIE.
/EV.
P. J. B. VAN WYK

R15 ontvang. S. A. Kom Party.
28/10/66

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free

S.13/154. V.10.

GEHEIM
SECRET

26.10.1966.

Die Sekretaris van Justisie,
P R E T O R I A.

KOMMUNISTIESE PARTY VAN SUID-AFRIKA.

1. Ek moet berig dat tydens die ondersoek van die Rivonia saak daar in die Poskantoor te Umtata beslag gelê was op n bedrag van R15 wat deur Govan Mbeki, een van die beskuldigdes, namens die Kommunistiese Party aan een van die Party se agente in die Transkei gestuur was.

2. Die geld was nie tydens die verhoor as bewysstuk ingehandig nie omdat die aanklaer dit nie nodig geag het nie.

3. Die geld is die eiendom van die Kommunistiese Party en word nou aangestuur vir die nodige beskikking daaroor deur die beredderaar.

P. J. B. VAN WYK LIEUTENANT-COLONEL
LUITENANT-KOLONEL

n/KOMMISSARIS : SUID-AFRIKAANSE POLISIE.
/EV.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free

S.A.P. 51 (B).

No. S.4/2705.

SUID-AFRIKAANSE POLISIE. SOUTH AFRICAN POLICE.

Privaatsak 94.
Private Bag 94.

Telefoon
Telephone

Telegramadres
Telegraphic Address „KOMPOL".

HOOFKANTOOR,
HEAD OFFICE,

PRETORIA.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE
4-7-1966
PRETORIA
DEPARTMENT OF JUSTICE

28 Junie 1966.

G E H E I M.

Die Sekretaris van Justisie,
P R E T O R I A.

KOMMUNISTIESE PARTY VAN SUID-AFRIKA :
"NOEMING" VAN LEDE.
No. 2/2/1 van 15 deser.

1. Die persone wie se name genoem word en wat in die buiteland verkeer, is belangrike persone in die sogenaamde Suid-Afrikaanse Bevrydingsbeweging wat hulle vir die geweldadige omverwerping van ons staatsvorm beywer. Hulle beklee sulke belangrike poste soos bv. OLIVER R. TAMBO wat die Adjunk-President-generaal van die A.N.C. van S.A. is, P.P. DUMA NOKWE wat die Sekretaris-generaal van die A.N.C. van S.A. is, ALFRED NZO wat die A.N.C.-verteenwoordiger in Kairo is en in radio-uitsendings oor Radio Kairo kwaai teen die R.S.A. te velde trek, e.s.m. Omdat hulle die feit dat hulle in werklikheid kommuniste is, verberg en onder die vaandel van bv. die A.N.C. van S.A. vaar en onder die voorwendsel dat hul optrede slegs teen apartheid gemik is, geniet hulle groot aansien in die buiteland, selfs ook in westerse lande soos die V.S.A., Brittanje, e.s.m.

2. Nou is dit in die verlede ondervind dat die westerse lande, al sou hulle nie daarvan kennis neem as ons op 'n ander wyse onder die Wet op Onderdrukking van Kommunisme teen sodanige persone optree nie, wel deeglik daarvan kennis neem as 'n persoon deur ons as 'n kommunis gelys of genoem word.

3. Ten slotte kan dit gestel word dat, terwyl die gemoedere in die ganse wêreld nou hoog loop in die stryd teen ons apartheid, dit baie van die wind uit die seile van buitelandse ondersteuners van die stryd teen ons geneem sal word as tot die ontnugtering gekom word dat hulle eintlik met kommuniste te doene het.

4. Hierdie Departement dring gevolglik sterk daarop aan dat stappe gedoen word dat ook die persone wat hulleself buite die R.S.A. bevind, gelys word.

2/..........

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free



5. Ten opsigte van S.J. Kozonguizi, S.W.A.N.U., S.W.A., merk die Minister as volg op:

> „Kan ons volgens ons wetgewing Kozonguizi beperk sodat sy persverklarings nie kan gedruk word nie?"

Kozonguizi bevind hom in presies dieselfde posisie as die persone in paragraaf 1 hierbo genoem.

6. Hierdie kantoor bly dus die sienswyse toegedaan dat teen hierdie persone opgetree moet word soos aanbeveel.

........................................ Generaal-Majoor.
H.J. v.d. BERGH.
n/DIE KOMMISSARIS VAN DIE
SUID-AFRIKAANSE POLISIE

/JvL

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free

S.A.P. 148 (d).

No. S.7/18 W.P.

SUID-AFRIKAANSE POLISIE. SOUTH AFRICAN POLICE.

GEHEIM

Privaatsak / Private Bag } 302.
Telefoon / Telephone } 2-9280-9.
Telegramadres / Telegraphic Address } „KOMPOL".

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE
10 -3-1966
PRETORIA
DEPARTMENT OF JUSTICE

HOOFKANTOOR,
HEAD OFFICE,
PRETORIA.

9 Maart 1966.

DIE SEKRETARIS VAN JUSTISIE,
Privaatsak 81,
PRETORIA.

BATES VAN DIE KOMMUNISTIESE PARTY VAN SUID-AFRIKA. U 2/2/1 VAN 4.3.1966.

1.

obliterate

(1)
(2)

nms. DIE KOMMISSARIS VAN DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE. KAPTEIN

J. A. DU PREEZ

/AS

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free

1.

2.

3.

4.

5.

6.

...2/-

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free



7.

8.

9.

...3/-

PDF Eraser Free



Refuse

10.

11.

12.

1.

2.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free

Release

1.

2.

3.

4.

5.

6.

7.

8.

9.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

PDF Eraser Free



10.

11.

12.

13.

14.

15.

1.

2.